# my taal

*My taal is 'n vuur*
*waarom vriende laatnag sit.*
*Of dalk is dit 'n veldbrand*
*wat niemand ooit kan blus.*

*Met my taal skets ek 'n prentjie*
*van dit wat in my is*
*en my woorde wys die krake*
*die donker en die lig.*

*My taal kan mense opbou*
*of als in stukke breek.*
*'n Monster of 'n engel*
*ek kan kies wie ek wil wees.*

*Wat bly van my oor*
*As ek sien hoe nietig ek is?*
*Net my taal sal my kan woorde gee*
*vir dit wat ewig is.*

*Sonder jou is ek arm*
*Sonder jou is ek kaal*
*My taal*
*Afrikaans.*

*Elvis Blue*

Vol. III